Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Lourens Oosthuizen

Finansiële Bestuurder

T: 074 587 9173 / E: lourenso@laeveld.co.za

Lourens Oosthuizen is in Pretoria gebore en bly die afgelope 37 jaar in die Jakarandastad. Hulle hele gesin – Lourens, sy broer, suster, ouers en selfs sy vrou – bly nog altyd in dieselfde 10km radius, en al klink dit dalk vir ander mense vervelig, sou hy dit geensins anders wou hê nie.

Ná skool het Lourens B.Com. Rekeningkunde by die Universiteit van Pretoria gestudeer en daarna sy internskap voltooi. Tydens sy internskap het hy ook sy CIMA (Chartered Management Accountant)-kwalifikasie verwerf. In hierdie tyd was hy deel van die finansiële span wat Laeveld Agrochem se oudit hanteer het. Later het hy 'n pos in die groter Laeveld Agrochem/Kickstart-groep as Finansiële Bestuurder gekry, en hy is nou alreeds tien jaar werksaam by onderskeie maatskappye in die groep.

Die rede waarom hy destyds deel van die Laeveld Agrochem-groep wou raak, en sy siening hieroor het tot vandag nog nie verander nie, is die integriteit van die mense in die maatskappy. "Integriteit is vir my meer as net eerlikheid, dit is die belangrikste eienskap waaroor 'n mens kan beskik. Dit is vir my verseker die sleutel tot sukses," sê hy.

Lourens is met Lelani getroud en hulle het twee kinders, 'n dogtertjie, Minke, en 'n seuntjie, Malan. Familie en vriende is vir hom baie belangrik en hy geniet dit om sy vrye tyd saam met hulle deur te bring en te braai. Verder neem hy graag deel aan enige sport waar daar 'n bal is! Hy geniet dit om sport te kyk en hou ook van kamp, visvang en boogjag.

Lourens is nou deel van die Laeveld Agrochem se bestuurspan as Finansiële Bestuurder. Hy vertel: *"Ek sien baie uit na die volgende stap in my loopbaan en om meer direk by Laeveld Agrochem betrokke te raak. Ek herinner myself gereeld daaraan dat ons ons vertroue in God moet plaas, eerder as om op ons eie beperkte vermoëns staat te maak."*

Hy rig sy lewe volgens Spreuke 3:5: "Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie wysheid nie."

ADAMA · Andermatt Madumbi · BAYER · CORTEVA agriscience · enviro bio-chem · HARVEST CHEMICALS · MBFi · Rolfes Agri · INSECT SCIENCE · PHILAGRO · syngenta · TriFert

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.

Agri Technovation
Specialized to succeed